(*b*) employees in Native areas as defined in sub-section (2) of section *fifty-one* of the Industrial Conciliation Act, 1937.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the contrary intention appears, any expression used in this Determination which is defined in the Wage Act, 1937, shall have the same meaning as in that Act and unless inconsistent with the context—

(A) *In Relation to the Commercial Distributive Trade*

"alteration hand" means an employee who in any retail establishment is engaged in altering, repairing or making any article of wearing apparel incidental to the sale of such article from such establishment or in any other form of sewing incidental to the sale of goods from such establishment;
"alteration hand, qualified," means an alteration hand who has had not less than four years' experience;
"alteration hand, unqualified," means an alteration hand who has had less than four years' experience;
"chemist" means an employee in a pharmacy who is registered as a chemist and druggist under the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;
"chemist apprentice" means an employee in a pharmacy who is bound by a contract of apprenticeship in accordance with the rules framed under section *ninety-four* (2) (*i*) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;
"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing or any other form of clerical work, and includes a cashier and a telephone operator;
"clerical employee, female, qualified," means a female clerical employee who has had not less than four years' experience;
"clerical employee, female, unqualified," means a female clerical employee who has had less than four years' experience;
"clerical employee, male, qualified," means a male clerical employee who has had not less than five years' experience;
"clerical employee, male, unqualified," means a male clerical employee has had less than five years' experience;
"demonstrator-salesman" means an employee who is wholly or mainly engaged away from his employer's establishment in demonstrating machinery, implements, radios, refrigerators, or other mechanical appliances, and who may sell such machinery, implements, radios, refrigerators or other appliances;
"demonstrator-salesman, qualified," means a demonstrator-salesman who has had not less than five years' experience;
"demonstrator-salesman, unqualified," means a demonstrator-salesman who has had less than five years' experience;
"District A" means the areas of Klerksdorp, Odendaalsrus, Vanderbijlpark, Vereeniging and Welkom as described in clause 1;
"District B" means the areas of Kroonstad and Potchefstroom as described in clause 1;
"District C" means the areas of Bethlehem, Estcourt, Grahamstown, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Kuruman, Ladysmith, Lichtenburg, Paarl, Parys, Pietersburg, Queenstown, Rustenburg, Somerset West, Standerton, Stellenbosch, Strand, Upington, Volksrust, Vryburg, Wellington, Witbank and Worcester as described in clause 1;
"District D" means all the other areas not mentioned in the definitions "District A", "District B" and "District C";
"Native" means a person who in fact is or is generally accepted as a member of any aboriginal race or tribe of Africa;
"Native-store" means any establishment or portion of an establishment in which the Commercial Distributive Trade is wholly or mainly carried on for Natives;
"Native-store attendant" means an employee who, under the supervision of a qualified male sales assistant, is engaged in a Native-store in attending wholly or mainly to Native customers;
"Native-store attendant, qualified," means a Native-store attendant who has had not less than two years' experience;
"Native-store attendant, unqualified," means a Native-store attendant who has had less than two years' experience;
"orderman" means an employee who is wholly or mainly engaged in an office-to-office or private house-to-house round, inviting, soliciting or canvassing orders from persons for the supply to them of goods for their use or consumption, and who may in addition—

(*a*) perform the duties of a sales assistant;
(*b*) collect money on behalf of his establishment;
(*c*) take orders from other persons for the supply of goods intended for their use or consumption;

*In Transvaal.*—Die gebied wat onder die beheer val van die stadsraad, dorpsraad, gesondheidskomitee of 'n plaaslike gebiedskomitee van die gesondheidsraad vir buitestedelike gebiede, na gelang van die geval, van—

Barberton, Bethal, Brits, Christiana, Ermelo, Heidelberg, Klerksdorp, Lichtenburg, Louis Trichardt, Lydenburg, Middelburg, Nelspruit, Nylstroom, Pietersburg, Piet Retief, Potchefstroom, Potgietersrus, Rustenburg, Standerton, Volksrust, Vanderbijlpark, Vereeniging, Waterval-Boven, Witbank en Zeerust;

op alle werknemers in die kommersiële distribusie- en verversingsbedrywe en op die werkgewers van sodanige werknemers; met dien verstande dat dit nie van toepassing is op die volgende klasse werknemers nie:—

(*a*) Bestuurders; en
(*b*) werknemers in Naturellegebiede soos omskryf in subartikel (2) van artikel *een-en-vyftig* van die Nywerheid-Versoeningswet, 1937.

2. WOORDOMSKRYWINGS.

(1) Tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, het enige uitdrukking wat in hierdie Vasstelling gebesig word en in die Loonwet, 1937, omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy dit strydig is met die verband, beteken—

(A) *Met betrekking tot die Kommersiële Distribusiebedryf*

„versteller", 'n werknemer wat in 'n kleinhandelbedryfsinrigting enige kledingstuk as deel van die verkoop van sodanige kledingstuk vanuit sodanige bedryfsinrigting verstel, heelmaak, of maak, of enige ander soort naaldwerk wat nodig kan wees by die verkoop van goedere deur sodanige inrigting, verrig;
„versteller, gekwalifiseer," 'n versteller met minstens vier jaar ondervinding;
„versteller, ongekwalifiseer," 'n versteller met minder as vier jaar ondervinding;
„apteker", 'n werknemer in 'n apteek wat kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928, as apteker en drogis geregistreer is;
„leerlingapteker", 'n werknemer in 'n apteek wat gebind is deur 'n vakleerlingskapkontrak ooreenkomstig die reëls geformuleer by artikel *vier-en-negentig* (2) (i) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928;
„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk of enige ander soort klerklike werk doen, met inbegrip van 'n kassier en 'n telefonis;
„klerklike werknemer, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minstens vier jaar ondervinding;
„klerklike werknemer, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike klerklike werknemer met minder as vier jaar ondervinding;
„klerklike werknemer, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minstens vyf jaar ondervinding;
„klerklike werknemer, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike klerklike werknemer met minder as vyf jaar ondervinding;
„demonstrateur-verkoper", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik weg van sy werkgewer se bedryfsinrigting wys hoe masjinerie, implemente, radio's, koelkaste of ander meganiese toestelle werk, en wat sodanige masjinerie, implemente, radio's, koelkaste of ander toestelle kan verkoop;
„demonstrateur-verkoper, gekwalifiseer," 'n demonstrateur-verkoper met minstens vyf jaar ondervinding;
„demonstrateur-verkoper, ongekwalifiseer," 'n demonstrateur-verkoper met minder as vyf jaar ondervinding;
„distrik A", die gebiede Klerksdorp, Odendaalsrus, Vanderbijlpark, Vereeniging en Welkom soos beskryf in klousule 1;
„distrik B", die gebiede Kroonstad en Potchefstroom soos beskryf in klousule 1;
„distrik C", die gebiede Bethlehem, Estcourt, Grahamstad, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Kuruman, Ladysmith, Lichtenburg, Paarl, Parys, Pietersburg, Queenstown, Rustenburg, Somerset-Wes, Standerton, Stellenbosch, Strand, Upington, Volksrust, Vryburg, Wellington, Witbank en Worcester soos beskryf in klousule 1;
„distrik D", al die ander gebiede wat nie in die omskrywings van „distrik A", „distrik B" en „distrik C" genoem is nie;
„Naturel", 'n persoon wat werklik 'n lid van enige inboorlingras of -stam van Afrika is, of algemeen as sodanig erken word;
„Naturellewinkel", enige bedryfsinrigting of deel van 'n bedryfsinrigting, waarin die kommersiële distribusiebedryf uitsluitlik of noodsaaklik met Naturelle gevoer word;
„Naturellewinkel-bediende", 'n werknemer wat onder die toesig van 'n gekwalifiseerde manlike verkoopsklerk uitsluitlik of hoofsaaklik Naturelleklante in 'n Naturellewinkel bedien;
„Naturellewinkel-bediende, gekwalifiseer," 'n Naturellewinkel-bediende met minstens twee jaar ondervinding;
„Naturellewinkel-bediende, ongekwalifiseer," 'n Naturellewinkel-bediende met minder as twee jaar ondervinding;
„bestellingsklerk", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik van kantoor tot kantoor of van private huis tot private huis gaan om bestellings van persone te vra, te sollisiteer of te werf vir die verskaffing van goedere aan hulle vir hulle gebruik of verbruik, en wat daarbenewens die volgende kan doen:—

(*a*) Die werk van 'n verkoopsklerk verrig;
(*b*) geld namens sy bedryfsinrigting invorder;
(*c*) bestellings van ander persone neem vir die verskaffing van goedere vir hulle gebruik of verbruik bedoel;

and for the purpose of this definition the expression " private house " shall be deemed to include a residential flat and a boarding- and lodging-house, the keeper of which is exempt from the licence referred to in item 5 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925;

" part-time employee " means a clerical employee or a sales assistant who is employed as such by the week or month for not more than 24 ordinary hours of work in any week plus any additional time not exceeding one hour permitted by virtue of the first proviso to clause 5 (1) (A);

" pharmacy " means an establishment in respect of which an apothecary's licence is require in terms of item 3 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925;

" sales assistant " means an employee who is engaged in one or more of the following duties, namely:—

(*a*) attending to customers in an establishment;

(*b*) displaying goods;

(*c*) keeping and controlling stock;

(*d*) assembling orders;

and who may supervise a Native-store attendant or supervise and check the assembling of goods by a store assistant and includes an orderman, storeman and a ticket writer; and for the purpose of item (*d*) of this definition the expression " assembling orders " means the bringing together of goods in execution of a customer's written or verbal order or from any invoice, list or order form;

" sales assistant, female, qualified," means a female sales assistant who has had not less than four years' experience;

" sales assistant, female, unqualified," means a female sales assistant who has had less than four years' experience;

" sales assistant, male, qualified," means a male sales assistant who has had not less than five years' experience;

" sales assistant, male, unqualified," means a male sales assistant who has had less than five years' experience;

" sample boy " means an employee who accompanies a traveller on his rounds and assists him in packing, unpacking or displaying his samples, and who may drive the motor vehicle used by the traveller in the performance of his duties;

" service supply salesman " means an employee who is wholly or mainly engaged in oiling, greasing, cleaning or adjusting implements, machinery, equipment or appliances of his employer's customers, and who may in addition—

(*a*) take orders for the supply of any such implements, machinery, equipment or appliances or accessories or material for use in connection with such implements, machinary, equipment or appliances;

(*b*) repair such implements, machinery, equipment or appliances on the customer's premises;

(*c*) collect money;

" service supply salesman, qualified," means a service supply salesman who has had not less than three years' experience;

" service supply salesman, unqualified," means a service supply salesman who has had less than three years' experience;

" store assistant " means an employee who, under the supervision of and subject to checking by a sales assistant assembles or despatches goods, and who may pack or weigh goods for despatch or delivery or mark or address packages or receive goods on delivery to the establishment, and for the purpose of this definition the expression " assembles goods " means the bringing together of goods in accordance with a written order, list or instruction and may include the giving of verbal orders to a general worker to fetch, carry, load or stack such goods;

" store assistant, qualified," means a store assistant who has had not less than two years' experience;

" store assistant, unqualified," means a store assistant who has had less than two years' experience;

" storeman " means an employee who is in charge of stores and responsible for checking, receiving, storing, assembling, packing or unpacking goods in a store or for despatching goods from a store or for delivering goods from a store to departments or for despatch and who may supervise and check the assembling or despatch of goods by a store assistant;

" traveller " means an employee who as a travelling representative of an establishment and on behalf of such establishment is wholly or mainly engaged in inviting, canvassing or soliciting orders from manufacturers or licensed traders for the supply to them of goods intended for use in or in connection with their respective businesses or for re-sale, and who may in addition take orders from other persons for the supply to them of goods for their own use or consumption and collect money;

" traveller, qualified," means a traveller who has had not less than four years' experience;

" traveller, unqualified," means a traveller how has had less than four years' experience;

" unregistered assistant " means an employee in a pharmacy, other than a chemist, who has completed any one of the periods of apprenticeship or service with a chemist as prescribed in section *twenty-seven* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928;

en vir die toepassing van hierdie woordomskrywing word dit beskou dat die uitdrukking „ private huis ", 'n woonstel omvat asook 'n koshuis en losieshuis waarvan die houer vrygestel is van die lisensie genoem in item 5 van deel 1 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925;

„ deeltydse werknemer ", 'n klerklike werknemer of 'n verkoopsklerk wat as sodanig by die week of by die maand in diens is vir hoogstens vier-en-twintig gewone werkure in enige week, plus enige bykomende tyd, maar hoogstens een uur, soos toegelaat kragtens die eerste voorbehoud van klousule 5 (1) (A);

„ apteek ", 'n bedryfsinrigting ten opsigte waarvan 'n aptekerslisensie vereis word ingevolge item 3 van deel 1 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925;

„ verkoopsklerk ", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande soorte werk verrig, naamlik:—

(*a*) Klante in 'n bedryfsinrigting bedien;

(*b*) goedere uitstal;

(*c*) voorraad bewaar en beheer;

(*d*) bestellings opmaak;

en wat toesig oor 'n Naturellewinkel-bediende kan hou, of die opmaak van goedere deur 'n stoorbediende kan beheer en nasien, en omvat 'n bestellingsklerk, stoorman en kaartjieskrywer; en vir die toepassing van item (*d*) van hierdie omskrywing beteken die uitdrukking „ bestellings opmaak " die byeenbring van goedere ter uitvoering van 'n klant se skriftelike of mondelinge bestelling, of van enige faktuur, lys of bestellingsvorm af;

„ verkoopsklerk, vroulik, gekwalifiseer," 'n vroulike verkoopsklerk met minstens vier jaar ondervinding;

„ verkoopsklerk, vroulik, ongekwalifiseer," 'n vroulike verkoopsklerk met minder as vier jaar ondervinding;

„ verkoopsklerk, manlik, gekwalifiseer," 'n manlike verkoopsklerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„ verkoopsklerk, manlik, ongekwalifiseer," 'n manlike verkoopsklerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„ monsterjong ", 'n werknemer wat 'n handelsreisiger op sy rondes vergesel en hom help om sy monsters in of uit te pak of uit te stal, en wat die motorvoertuig wat deur die handelsreisiger by die uitvoering van sy pligte gebruik word, kan bestuur;

„ versorger-bestellingnemer ", 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle van sy werkgewer se klante olie, smeer, skoonmaak of stel, en wat daarbenewens—

(*a*) bestellings kan neem vir die verskaffing van sodanige implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle of bybehore of materiaal wat gebruik word in verband met die implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle;

(*b*) sodanige implemente, masjinerie, uitrusting of toestelle op die klant se perseel kan heelmaak;

(*c*) geld kan invorder;

„ versorger-bestellingnemer, gekwalifiseer," 'n versorger-bestellingnemer met minstens drie jaar ondervinding;

„ versorger-bestellingnemer, ongekwalifiseer," 'n versorger-bestellingnemer met minder as drie jaar ondervinding;

„ stoorbediende ", 'n werknemer wat, onder toesig van en onderworpe aan die kontrole van 'n verkoopsklerk, goedere byeenbring of versend, en wat goedere vir versending of aflewering kan verpak of afweeg of pakkette kan merk of adresseer of goedere by aflewering in die bedryfsinrigting kan ontvang; en vir die toepassing van hierdie omskrywing beteken die uitdrukking „ goedere byeenbring " die byeenbring van goedere ingevolge 'n skriftelike bestelling, lys of opdrag, en kan ook die gee van mondelinge bevele aan 'n algemene werker omvat om sodanige goedere te gaan haal, te dra, op te laai of op te stapel;

„ stoorbediende, gekwalifiseer," 'n stoorbediende met minstens twee jaar ondervinding;

„ stoorbediende, ongekwalifiseer," 'n stoorbediende met minder as twee jaar ondervinding;

„ stoorman ", 'n werknemer wat beheer het oor voorrade en verantwoordelik is vir die nagaan, ontvangs, opberging, byeenbring, verpakking of uitpak van goedere in 'n stoor, of vir die versending van goedere uit 'n stoor, of vir die aflewering van goedere uit 'n stoor aan afdelings of vir versending, en wat toesig kan hou oor die opmaak of versending van goedere deur 'n stoorbediende en dit nagaan;

„ handelsreisiger ", 'n werknemer wat as reisende verteenwoordiger van 'n bedryfsinrigting en namens die bedryfsinrigting, uitsluitlik of hoofsaaklik bestellings vra, werf of solisiteer van fabrikante of gelisensieerde handelaars vir die verskaffing aan hulle van goedere wat vir gebruik in of in verband met hulle onderskeie besighede of vir herverkoop bedoel is, en wat daarbenewens bestellings van ander person kan aanneem vir die lewering aan hulle van goedere vir hulle eie gebruik of verbruik, en ook geld kan invorder;

„ handelsreisiger, gekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minstens vier jaar ondervinding;

„ handelsreisiger, ongekwalifiseer," 'n handelsreisiger met minder as vier jaar ondervinding;

„ ongeregistreerde assistent ", 'n werknemer in 'n apteek, uitgesonderd 'n apteker, wat enigeen van die tydperke van vakleerlingskap of diens by 'n apteker voltooi het, soos voorgeskryf in artikel *sewe-en-twintig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928;

(B) *In Relation to the Catering Trade*

"clerical employee" means an employee who is engaged in writing, typing, or any other form of clerical work and includes a cashier and a telephone operator;

"clerical employee, qualified," means a clerical employee who has had not less than 12 months' experience;

"clerical employee, unqualified," means a clerical employee who has had less than 12 months' experience;

"counterhand" means an employee who is engaged at a counter in selling goods or refreshments to customers and who may take cash, and for the purpose of this definition the expression "counter" includes a soda fountain, milk-bar and a snack bar;

"counterhand, qualified," means a counterhand who has had not less than 12 months' experience;

"counterhand, unqualified," means a counterhand who has had less than 12 months' experience;

"grill-hand" means an employee who is engaged in making grills, toast, sandwishes, soup or tea or other similar beverages, or cooking or frying eggs, fish or potatoes or boiling milk or cutting up meat for grills;

"grill-hand, qualified," means a grill-hand who has had not less than six months' experience;

"grill-hand, unqualified," means a grill-hand who has had less than six months' experience;

"part-time employee' means a clerical employee, counterhand or waiter who is employed as such by the week or month for not more than 24 ordinary hours of work in any week plus any additional time not exceeding one hour permitted by virtue of the second proviso to clause 5 (1) (B);

"spreadover" means the period in any day from the time an employee first commences work until he ceases work for that day;

"waiter" means an employee, other than a counterhand, who is engaged in serving meals or refreshments to customers and who may accept payment for any order taken or executed by him, set and clear tables and make sandwishes, salads, toast or tea or similar beverages;

"waiter, qualified," means a waiter who has had not less than 12 months' experience;

"waiter, unqualified," means a waiter who has had less than 12 months' experience;

(C) *In Relation to the Commercial Distributive Trade and the Catering Trade*

"Area A" means the areas of Paarl, Vanderbijlpark and Vereeniging as described in clause 1;

"Area B" means the areas of Somerset West, Stellenbosch, Strand, Wellington and Worcester as described in clause 1;

"Area C" means the areas of Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus and Welkom as described in clause 1;

"Area D" means the areas of Beaufort West, Caledon, Ceres, George, Hermanus, Knysna, Malmesbury, Montagu, Mossel Bay, Oudtshoorn, Potchefstroom, Riversdale, Robertson, Swellendam and Upington as described in clause 1;

"Area E" means the areas of Bethlehem, Cradock, De Aar, Graaff-Reinet, Grahamstown, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Middelburg (Cape Province), Parys, Queenstown, Somerset East, Standerton, Volksrust and Witbank as described in clause 1;

"Area F" means the areas of Aliwal North, Barberton, Bethal, Brits, Burgersdorp, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Kuruman, Ladybrand, Ladysmith, Lichtenburg, Lydenburg, Middelburg (Transvaal), Nelspruit, Pietersburg, Rustenburg, Senekal and Vryburg as described in clause 1;

"Area G" means the areas of Dundee, Glencoe, Mafeking, Newcastle, Umtata, Vryheid and Zastron as described in clause 1;

"Area H" means all the other areas not mentioned in the definitions "Area A", "Area B", "Area C", "Area D", "Area E", "Area F" and "Area G";

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"Catering Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of providing meals or refreshments, whether liquid or otherwise, or both meals and such refreshments in or from any establishment, whether permanent, temporary, indoors or in the open air and includes such activities carried on in one or more of the following classes of premises, namely premises—

(i) which are used as public restaurants, cafés or tea-rooms;

(ii) from which meals or non-alcoholic drinks or both meals and such drinks are supplied;

(iii) in which aerated or mineral waters are supplied in glasses or other containers for consumption on the premises;

(iv) in which or from which the above-mentioned activities are carried on in or in connection with any theatre, bioscope, bioscope-tearoom or any other entertainment or function;

and also includes the supply of liquor in any such establishments or on any such premises in terms of a liquor licence under the Liquor Act, 1928, held by such employers, but it does not include hotels, establishments trading exclusively under a wine and malt liquor licence, boarding-houses or any establishment in respect of which a Native eating-house licence is required or any establishment which caters solely for the supply of meals or refreshments to non-Europeans;

(B) *Met betrekking tot die Verversingsbedryf*

„klerklike werknemer", 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk of enige ander vorm van klerklike werk verrig en omvat ook 'n kassier en 'n telefonis;

„klerklike werknemer, gekwalifiseer," 'n klerklike werknemer met minstens twaalf maande ondervinding;

„klerklike werknemer, ongekwalifiseer," 'n klerklike werknemer met minder as twaalf maande ondervinding;

„toonbankklerk", 'n werknemer wat goedere of verversings oor 'n toonbank aan klante verkoop en kontant kan ontvang; en vir die toepassing van hierdie omskrywing omvat die uitdrukking „toonbank" ook 'n sodawaterbuffet, melkbuffet en 'n versnaperingsbuffet;

„toonbankklerk, gekwalifiseer," 'n toonbankklerk met minstens twaalf maande ondervinding;

„toonbankklerk, ongekwalifiseer," 'n toonbankklerk met minder as twaalf maande ondervinding;

„roosterbediende", 'n werknemer wat braaigeregte, roosterbrood, toebroodjies, sop of tee of ander soortgelyke dranke maak, of eiers, vis of ertappels kook of bak, of melk kook of vleis vir braaigeregte opsny;

„roosterbediende, gekwalifiseer," 'n roosterbediende met minstens ses maande ondervinding;

„roosterbediende, ongekwalifiseer," 'n roosterbediende met minder as ses maande ondervinding;

„deeltydse werknemer", 'n klerklike werknemer, toonbankklerk of kelner wat as sodanig by die week of by die maand in diens is vir hoogstens vier-en-twintig gewone werkure in enige week, plus enige bykomende tyd, maar hoogstens een uur, soos toegelaat kragtens die tweede voorbehoud van klousule 5 (1) (B);

„werkure-indeling", die tydperk op enige dag van die tyd af wanneer die werknemer begin werk totdat hy vir daardie dag ophou werk;

„kelner", 'n werknemer, uitgesonderd 'n toonbankklerk, wat klante met maaltye of verversings bedien, en wat geld kan ontvang vir enige bestelling wat deur hom geneem of uitgevoer word, tafels kan dek en afdek, en toebroodjies, slaai, roosterbrood of tee of soortgelyke dranke kan maak;

„kelner, gekwalifiseer," 'n kelner met minstens twaalf maande ondervinding;

„kelner, ongekwalifiseer," 'n kelner met minder as twaalf maande ondervinding;

(C) *Met betrekking tot die Kommersiële Distribusiebedryf en die Verversingsbedryf*

„gebied A", die gebied Paarl, Vanderbijlpark en Vereeniging, soos beskryf in klousule 1;

„gebied B", die gebiede Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Wellington en Worcester, soos beskryf in klousule 1;

„gebied C", die gebiede Klerksdorp, Kroonstad, Odendaalsrus en Welkom, soos beskryf in klousule 1;

„gebied D"; die gebiede Beaufort-Wes, Caledon, Ceres, George, Hermanus, Knysna, Malmesbury, Montagu, Mosselbaai, Oudtshoorn, Potchefstroom, Riversdal, Robertson, Swellendam en Upington, soos beskryf in klousule 1;

„gebied E", die gebiede Bethlehem, Cradock, De Aar, Graaff-Reinet, Grahamstad, Harrismith, Heidelberg, King William's Town, Middelburg (Kaapprovinsie), Parys, Queenstown, Somerset-Oos, Standerton, Volksrust en Witbank, soos beskryf in klousule 1;

„gebied F", die gebiede Aliwal-Noord, Barberton, Bethal, Brits, Burgersdorp, Ermelo, Estcourt, Ficksburg, Kuruman, Ladybrand, Ladysmith, Lichtenburg, Lydenburg, Middelburg (Transvaal), Nelspruit, Pietersburg, Rustenburg, Senekal en Vryburg, soos beskryf in klousule 1;

„gebied G", die gebiede Dundee, Glencoe, Mafeking, Newcastle, Umtata, Vryheid en Zastron, soos beskryf in klousule 1;

„gebied H", al die ander gebiede wat nie in die omskrywings van „gebied A", „gebied B", „gebied C", „gebied D", „gebied E", „gebied F" en „gebied G" genoem is nie;

„los werknemer", 'n werknemer wat hoogstens drie dae in enige week by dieselfde werkgewer in diens is;

„verversingsbedryf", die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die doel om etes of verversings, hetsy dranke of andersins, of beide etes en sodanige verversings, te verskaf in of vanuit enige bedryfsinrigting, hetsy permanent, tydelik, binnens- of buitenshuis, en sluit sodanige bedrywe in wat in een of meer van die hierondergenoemde klasse van persele uitgeoefen word, d.w.s. persele—

(i) wat as openbare restaurants, kafees of teekamers gebruik word;

(ii) vanwaar etes of nie-alkoholiese dranke, of beide etes en sodanige dranke verskaf word;

(iii) waarin spuit- of mineraalwaterdranke in drinkglase of ander houers vir gebruik op die perseel verskaf word;

(iv) waarin of vanwaar die hierbogenoemde bedrywighede uitgeoefen word in, of in verband met, enige teater, bioskoop, bioskoopteekamer of enige ander onthaal of funksie;

en sluit ook in die verskaffing van drank in enige sodanige bedryfsinrigting of op enige sodanige persele ooreenkomstig 'n dranklisensie ingevolge die Drankwet, 1928, wat deur sulke werkgewers gehou word, maar dit sluit nie hotelle, bedryfsinrigtings wat uitsluitlik onder 'n wyn- en bierlisensie handel dryf, losieshuise, of enige bedryfsinrigting waarvoor 'n Naturelle-eethuislisensie vereis is of enige bedryfsinrigting wat uitsluitlik die verskaffing van etes of verversings aan nie-blankes uitoefen, in nie;

"Commercial Distributive Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of conducting a shop including clerical, administrative, delivery and all other operations incidental thereto or consequent thereon carried on by such employers and their employees but does not include—

(i) the Liquid Fuel and Oil Trade;
(ii) the Meat Trade;
(iii) the business carried on under the off-consumption privileges of a hotel liquor licence or wine and malt liquor licence;
(iv) the Motor Garage Trade;
(v) the Dairy Trade;
(vi) the Newspaper Publishing Trade;

"commission work" means any system under which a traveller's remuneration is based on the value or number of orders submitted by him to, and accepted by, his employer;

"dairy produce" means, without limiting the ordinary meaning of the term, cream, butter, cheese, buttermilk, skimmed milk, separated milk, cultured milk, sour milk, eggs, honey and ice cream;

"Dairy Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of the sale or distribution, or both, of whole milk, and includes the sale or distribution, or both, of any or all of the articles included in the definition of dairy produce if such sale or distribution, or both, is in association with the sale or distribution, or both, of whole milk, and further includes all work incidental thereto if carried on by such employers and employees;

"driver of a motor vehicle" means an employee who is engaged in driving a motor vehicle, and for the purpose of this definition "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the motor vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

"emergency work" means any work which, owing to unforeseen causes such as fire, storm, accident, act of violence or theft, must be done without delay, and includes the work of or connected with the loading or unloading of trucks or vehicles belonging to the South African Railways and Harbours, or of vehicles used by a cartage contractor in the fulfilment of his contract as such with the South African Railways and Harbours;

"establishment" means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the Commercial Distributive Trade or the Catering Trade or in both these trades;

"experience" means, in relation to an alteration hand, clerical employee, counterhand, demonstrator-salesman, grill-hand, Native-store attendant, orderman, sales assistant, service supply salesman, store assistant, storeman, telephone operator, traveller or waiter, the total period or periods of employment which an employee has had in any trade as an alteration hand, clerical employee, counterhand, demonstrator-salesman, grill-hand, Native-store attendant, orderman, sales assistant, service supply salesman, store assistant, storeman, telephone operator, traveller or waiter, respectively; provided that for the purpose of this definition only half of the period or periods of employment which an employee has had as a part-time employee in any class shall be reckoned as employment in that class; and provided further, that any period or periods of employment which an employee has had in any trade in any one or more of the occupations clerical employee, counterhand, sales assistant or storeman shall be deemed to be experience in any other of these four occupations up to a maximum of two years of such experience;

"general worker" means an employee who is engaged in any one or more of the following duties or operations:—

(*a*) Affixing postage stamps on letters, parcels or other articles for posting or using a manually operated franking machine;

(*b*) affixing printed or ready addressed labels onto bottles, bales, boxes or other packages;

(*c*) assembling or dismantling by hand, corrugated or fibre board boxes or similar containers;

(*d*) assisting on delivery vehicles;

(*e*) assisting a saw machine operator by holding wood during sawing operations;

(*f*) breaking up scrap metal;

(*g*) carrying, lifting, moving, stacking or unpacking goods, other than carrying meals or refreshments to customers in an establishment;

(*h*) changing wheels or repairing punctures;

(*i*) cleaning premises or vehicles, furniture, untensils, machinery, implements, tools or other articles on his employer's premises;

(*j*) cleaning or cutting up fruit or vegetables, or cleaning or plucking poultry;

(*k*) cleaning, scaling, cutting, filleting or slicing fish;

(*l*) collecting cash in the case of C.O.D. orders or collecting written orders;

„kommersiële distribusiebedryf", die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die doel om die besigheid van 'n winkel te dryf met inbegrip van klerklike-, administratiewe-, aflewering- en alle ander bybehorende of gevolglike werksaamhede soos uitgeoefen deur sulke werkgewers en hul werknemers maar sluit nie in nie—

(i) die vloeibare brandstof- en oliebedryf;
(ii) die vleishandel;
(iii) besigheid wat ingevolge buiteverbruik-voorregte onder 'n hoteldranklisensie of 'n wyn- en bierlisensie gedryf word;
(iv) die motorgaragebedryf;
(v) die suiwelbedryf;
(vi) die nuusbladuitgewersbedryf;

„kommissiewerk", enige stelsel waarvolgens 'n handelsreisiger se besoldiging gebaseer word op die getal of die waarde van die bestellings wat hy by sy werkgewer inlewer en wat deur die werkgewer aangeneem word;

„suiwelprodukte", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, room, botter, kaas, karringmelk, afgeroomde melk, afgeskeide melk, plantjiemelk, suurmelk, eiers, heuning en roomys;

„suiwelbedryf", die bedryf waarin werkgewers en werknemers geassosieer is vir die verkoop of verspreiding, of albei, van volmelk, met inbegrip van die verkoop of verspreiding, of albei, van enigeen of al die produkte wat as suiwelprodukte omskryf is, indien die verkoop of verspreiding, of albei, saamgaan met die verkoop of verspreiding, of albei, van volmelk, en verder alle werk wat daarmee gepaard gaan, indien dit deur sodanige werkgewers en werknemers verrig word;

„drywer van 'n motorvoertuig", 'n werknemer wat 'n motorvoertuig dryf, en vir die toepassing van hierdie omskrywing omvat die uitdrukking 'n „motorvoertuig dryf" alle dryftydperke en enige tyd wat deur die drywer aan werk in verband met die motorvoertuig of die vrag bestee word, en alle tydperke wanneer hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te dryf;

„noodwerk", enige werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos brand, storms, ongelukke, gewelddaad of diefstal, sonder versuim verrig moet word, en omvat die werk van of verbonde aan die laai of aflaai van trokke of voertuie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of van voertuie deur 'n vervoerkontrakteur gebruik in die uitvoering van sy kontrak as sodanig met die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens;

„bedryfsinrigting", enige perseel waarop of in verband waarmee een of meer werknemers in die kommersiële distribusiebedryf of die verversingsbedryf, of in albei, in diens is;

„ondervinding", met betrekking onderskeidelik tot 'n versteller, klerklike werknemer, toonbankklerk, demonstrateurverkoper, roosterbediende, Naturellewinkel-bediende, bestellingsklerk, verkoopsklerk, versorger-bestellingnemer, stoorbediende, stoorman, telefonis, handelsreisiger of kelner, 'n werknemer se totale dienstydperk of dienstydperke in enige bedryf as versteller, klerklike werknemer, toonbankklerk, demonstrateur-verkoper, roosterbediende, Naturellewinkel-bediende, bestellingsklerk, verkoopsklerk, versorger-bestellingnemer, stoorbediende, stoorman, telefonis, handelsreisiger of kelner; met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie omskrywing slegs die helfte van die dienstydperk of dienstydperke wat 'n werknemer as 'n deeltydse werknemer in enige klas gehad het, as dienstyd in daardie klas gereken word, en voorts met dien verstande dat enige dienstydperk of dienstydperke wat 'n werknemer in enige bedryf in enigeen of meer van die beroepe klerklike werknemer, toonbankklerk, verkoopsklerk of stoorman gehad het, beskou moet word as ondervinding in enige ander van hierdie vier beroepe tot 'n maksimum van twee jaar van sulke ondervinding;

„algemene werker", 'n werknemer wat een of meer van onderstaande pligte nakom of werksaamhede verrig:—

(*a*) Posseëls plak op briewe, pakkette of ander artikels wat gepos moet word, of 'n handfrankeermasjien bedien;

(*b*) gedrukte of klaar geaddresseerde etikette op bottels, bale, kaste of ander pakkette plak;

(*c*) geriffelde of veselborddose of soortgelyke houers met die hand inmekaarsit of uitmekaarhaal;

(*d*) op afleweringsvoertuie behulpsaam wees;

(*e*) 'n saagmasjienbediende by die saagwerk behulpsaam wees deur die hout vas te hou;

(*f*) afvalmetaal opbreek;

(*g*) goedere dra, optel, verskuif, opstapel of uitpak, maar uitgesonderd etes of verversings na klante in 'n bedryfsinrigting dra;

(*h*) wiele omruil of lekke heelmaak;

(*i*) persele of voertuie, meubels, gerei, masjinerie, implemente, gereedskap of ander artikels op die perseel van sy werkgewer skoonmaak;

(*j*) vrugte of groente opsny of skoonmaak, of pluimvee pluk of skoonmaak;

(*k*) vis skoonmaak, afkrap, ontbeen of in stukke of skyfies sny;

(*l*) kontant by k.b.a.-verkopings invorder of skriftelike bestellings insamel;

(*m*) cutting by hand, in relation to goods sold in an establishment, paper, samples, linoleum, curtain rods, wire, netting wire, timber or other articles or commodities;

(*n*) cutting, breaking, splitting, chopping or otherwise preparing wood for firewood, otherwise than by the use of machines, or breaking coal;

(*o*) delivering or conveying letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot propelled vehicle;

(*p*) feeding or cleaning animals;

(*q*) filling bags, bottles or other containers;

(*r*) folding, sorting or enveloping mail;

(*s*) grading eggs according to size;

(*t*) guarding movable property during the business hours of an establishment;

(*u*) loading or unloading vehicles;

(*v*) making or maintaining fires or removing refuse or ashes;

(*w*) making tea or similar beverages for, or serving tea or similar beverages to, employees or his employer, or cooking rations;

(*x*) marking or stencilling bales, boxes or other packages by hand;

(*y*) melting scrap lead;

(*z*) mending bags or sacks by hand;

(*aa*) mixing previously weighed or otherwise determined ingredients of animal or poultry foods by hand;

(*bb*) oiling or greasing vehicles, other than motor vehicles;

(*cc*) opening or closing doors or windows or bags, bales, boxes or other packages;

(*dd*) operating a goods lift or hoist;

(*ee*) packing articles of uniform size and number into containers specially designed to contain such articles or packing articles into open containers for local delivery;

(*ff*) repetition weighing to predetermined weight or repetition measuring to predetermined measure;

(*gg*) shaking out bags;

(*hh*) shovelling by hand;

(*ii*) sorting empty bags, bottles or other containers, or sorting coal;

(*jj*) sorting packages or parcels or stencils;

(*kk*) tarring bags;

(*ll*) tending, harnessing or unharnessing animals;

(*mm*) using rubber or other stamps, involving no dicretion;

(*nn*) washing overalls, uniforms or protective clothing;

(*oo*) wrapping up parcels;

"incentive rates work" means any system under which an employee's remuneration is based on the quantity or output of work done;

"law" includes the common law;

"Liquid Fuel and Oil Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of receiving, packing, filling, delivering, distributing or selling by wholesale or in bulk, as the case may be, of—

(i) any form of liquid fuel used for the purpose of driving internal combustion engines;

(ii) any form of lubricating oil or grease;

(iii) any form of oil, grease or product derived from oil if distributed by an employer engaged in (i);

and includes all operations incidental thereto or consequent thereon;

"manager" means an employee specifically charged by his employer with the overall supervision over, responsibility for and direction of the activities carried on, in or in connection with an establishment in the Commercial Distributive Trade or the Catering Trade or both and of the employees engaged therein, but does not include an employee who relieves or acts for a manager during his absence;

"meat" in relation to the Meat Trade, includes fish, poultry, game, eggs, butter, offal and meat products;

"Meat Trade" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the handling of meat if carried on in connection with an abattoir or premises in respect of which a wholesale or retail butcher's licence is required in terms of item 7 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925, and includes—

(i) the preparation of meat;

(ii) the slaughtering, skinning and/or cleaning of animals and/or poultry for human consumption;

(iii) the preservation of meat by cold storage or otherwise;

(iv) the sale and distribution of meat;

and also includes all operations incidental to or consequent thereon;

"monthly employee" means an employee who is paid by the month;

(*m*) met betrekking tot goedere wat in die bedryfsinrigting verkoop word, papier, monsters, linoleum, gordynstange, draad, ogiesdraad, hout of ander artikels of ware met die hand sny;

(*n*) hout saag, breek, kloof, kap of dit vir vuurmaakhout berei, op 'n ander manier as met die gebruik van masjinerie, of steenkool breek;

(*o*) briewe, boodskappe of goedere te voet of met 'n fiets, driewieler of ander hand- of voetvoertuig aflewer of vervoer;

(*p*) diere voer of skoonmaak;

(*q*) sakke, bottels of ander houers volmaak;

(*r*) posstukke vou, sorteer of in koeverte plaas;

(*s*) eiers volgens grootte gradeer;

(*t*) losgoed gedurende die besigheidsure van 'n bedryfsinrigting bewaak;

(*u*) voertuie laai of aflaai;

(*v*) vuurmaak, of vure aan die brand hou, of afval of as verwyder;

(*w*) tee of soortgelyke dranke vir werknemers of sy werkgewer maak, of werknemers of sy werkgewer met tee of soortgelyke dranke bedien, of rantsoene kook;

(*x*) bale, kiste of ander pakkette met die hand merk of sjabloneer;

(*y*) afvallood smelt;

(*z*) sakke of bale met die hand heelmaak;

(*aa*) vooraf afgeweegde, of op 'n ander manier gemete bestanddele van diere- of pluimveekos met die hand meng;

(*bb*) voertuie, uitgesonderd motorvoertuie, olie of smeer;

(*cc*) deure of vensters of sakke, bale, kiste of ander pakkette oop- of toemaak;

(*dd*) 'n goederehyser of -hystoestel bedien;

(*ee*) artikels van eenvormige grootte en getal in houers pak wat spesiaal gemaak is om sodanige artikels te bevat, of artikels in oop houers vir plaaslike aflewering pak;

(*ff*) goedere volgens vooraf vasgestelde gewig by herhaling weeg, of goedere volgens vooraf bepaalde maat by herhaling meet;

(*gg*) sakke uitskud;

(*hh*) met 'n graaf werk;

(*ii*) leë sakke, bottels of ander houers sorteer, of steenkool sorteer;

(*jj*) pakkette, pakkies of sjablone sorteer;

(*kk*) sakke teer;

(*ll*) diere versorg, in- of uitspan;

(*mm*) rubberstempels of ander stempels gebruik waarby geen onderskeidingsvermoë betrokke is nie;

(*nn*) oorpakke, uniforms of beskermende klere was;

(*oo*) pakkette toedraai;

„prestasieloonwerk", enige stelsel waarby die besoldiging van 'n werknemer gebaseer word op die hoeveelheid of omvang van gedane werk;

„wet", ook die gemene reg;

„vloeibare brandstof- en oliebedryf", die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die ontvang, verpak, vul, aflewer, distribueer of verkoop in groothandel, of, na gelang van die geval, by die grootmaat, van—

(i) enige vorm van vloeibare brandstof wat gebruik word vir die dryfkrag van binnebrandmotors;

(ii) enige vorm smeerolie of ghries;

(iii) enige vorm olie, ghries of ander produkte uit olie vervaardig, indien deur 'n in (i) genoemde werkgewer gedistribueer;

en sluit alle bykomende en gevolglike werksaamhede in;

„bestuurder", 'n werknemer wat spesifiek deur sy werkgewer belas is met die algehele toesig oor, verantwoordelikheid vir en bestuur van die bedrywighede wat in of in verband met 'n bedryfsinrigting in die kommersiële distribusiebedryf of verversingsbedryf of albei, uitgeoefen word, en oor die werknemers wat daarby in diens is; maar sluit nie 'n werknemer wat gedurende die tydelike afwesigheid van 'n bestuurder as sy plaasvervanger optree, in nie;

„vleis", vir sover dit die „vleishandel" betref, sluit ook in vis, pluimvee, wild, eiers, botter, afval en vleisprodukte;

„vleishandel", sonder om in enige opsig die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, die hanteer van vleis, wanneer dit uitgeoefen word in verband met slagpale of persele waarvoor 'n groothandel- of kleinhandelslagterslisensie kragtens die bepalings van item 7 van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925, vereis is, en sluit in—

(i) die voorbereiding van vleis;

(ii) die slag, afslag en/of skoonmaak van diere en/of pluimvee vir menslike gebruik;

(iii) die verduursaming van vleis deur middel van koelkamer, of andersins;

(iv) die verkoop en distribusie van vleis;

en sluit ook alle bykomende of gevolglike werksaamhede in;

"Motor Garage Trade" means the business carried on by an employer in a shop—

(*a*) in respect of which he is required to hold a motor garage licence under item 15 of Part 1 of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925, whether or not he is also required to hold a general dealer's licence under item 11 of Part 1 of the Second Schedule to the said Act in respect of the said business on the same premises and in which business the employer is wholly or mainly engaged in selling one or more or all of the following articles or commodities, namely motor vehicles, motor vehicle accessories, parts or spares, whether new or not, or petrol or oil;

(*b*) which is used wholly or mainly for the retail sale of petrol or oil or both;

(*c*) in which or from which he sells used spare parts obtained from used motor vehicles broken up by him, whether or not such used spare parts are sold alone or in conjunction with new spare parts or accessories;

but does not include any activity in the Catering Trade carried on by such employer on such premises;

"motor vehicle", except in the definiton "Motor Garage Trade", means any mechanically propelled vehicle used for the conveyance or delivery of goods, other than a traveller's samples, and includes a mechanical horse;

"Newspaper Publishing Trade" means the trade carried on by an employer in respect of which he is required to hold a newspaper publisher's licence under item No. 5 of the First Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925;

"part-time driver of a motor vehicle" means an employee who is ordinarily engaged on duties other than driving a motor vehicle but who on more than two days in any week is engaged in driving a motor vehicle for not more than three hours on any day, and for the purpose of this definition the expression "driving a motor vehicle" includes all periods of driving and any time spent by the driver while in charge of the vehicle on work connected with the vehicle or the load;

"shop" means—

(i) any premises or any portion of any premises in which or to which the public is invited for the purpose of purchasing, otherwise than by public auction, the goods displayed therein or thereon, or goods of the type so offered or displayed for sale;

(ii) any premises or portion of any premises in which or from which the goods referred to in paragraph (i) are stored, unpacked or packed or delivered or despatched to persons referred to in paragraph (i) purchasing such goods;

(iii) any premises in which goods are stocked and from which wholesale orders are executed for the supply of such goods to customers for resale;

(iv) any premises in which goods are stocked and from which retail orders for the supply of such goods are executed;

but does not include premises, or any portion of premises, in which goods are manufactured or in any portion of which such goods are stored by the manufacturer pending sale or despatch by such manufacturer to the purchasers thereof;

"trailer" means any conveyance drawn by a motor vehicle; "uniform" means any article or articles of wearing apparel of specified design or colour;

